Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie: *Geloof, Koinonia en Getuienis*

Jaargang 19 2de Kwartaal 2018

'n "WIND-AF" JAAR?

As ek na mossies kyk of as ek voel asof ek met bollende seile, wind-af, oor die lewensoseaan skiet, dan weet ek: God sorg vir my!

Hoe het dit die afgelope klompie maande met jou gegaan? Was dit sover vir jou 'n "wind-af" jaar?

Ongelukkig is die lewe nie net wind-af nie.

'n Paar jaar gelede het ek op Hentiesbaai 'n besondere ervaring gehad. Daar het 'n warm landwind gewaai. En toe, skielik, in 'n oomblik se tyd slaan hy om en waai van direk die teenoorgestelde rigting oor die see – en koud!

Die lewe is ook só. Daar is heerlike wind-af tye maar ander kere voel dit of die wind omgeslaan het en jy, gesig eerste, teen die wind in sukkel.

In Psalm 102 ontmoet ons iemand wat só voel. Hy beskryf sy gevoel deur in vers 7 te sê **"Ek voel so verlate … soos 'n uil tussen murasies."** Hy voel soos 'n uil wat rondfladder van een murasie na 'n ander. Murasies, geraamtes, stille getuies van lewe wat was. En anderkant die murasies – 'n nimmereindigende woestyn met geen hoop op lewe nie.

Is dit dalk hoe jy voel? Leef jy gesig in die wind? Sien jy net murasies en woestyne? Voel jy verlate soos 'n uil tussen murasies? Voel dit of God jou vergeet het?

Die Psalmdigter het aanvanklik God se sorg aan die rigting van die wind gemeet en met die wind van voor kom hy tot die gevolgtrekking: **"U het my verwerp en weggegooi …"** Maar as gelowige, besef hy dan: *God se sorg kan nie aan die rigting van die wind in my lewe gemeet word nie. Die wind kan maar waai in watter rigting hy wil, maar ek wéét één ding, die Here is by my.* Daarom roep hy in vers 13 uit: **"…Here, U heers vir altyd…".** U heers ook in my wind-van-voor-tye.

Die Here ken elkeen van sy kinders – ook vir jou. Hy hoor jou kla as jy wind-op beur. Hy sien as jy swaarkry. Soms stop Hy die wind, maar nie altyd nie. Dikwels stoot Hy ons, trek Hy ons, deur die gesigwind deur sodat ons weer met sy Wind van agter kan leef.

Op God se troue sorg kan ons in ons wind-op dae reken, want Jesus wat die gesigwinde uit die hel deurworstel het, het self vir ons gesê: **"Ek is by julle al die dae…"** Óók die wind-op dae!!

'n Uil tussen murasies? Nee, 'n arend op die lugstrome van God se genade..

Lukas Meyer

(Foto: http://preach-it.nl/als-een-arend/)

NUWE INTREKKERS

Ons verwelkom graag die volgende nuwe lidmate in ons gemeente. Van hulle is dalk al 'n rukkie hier terwyl ander pas ingetrek het. Baie welkom aan elkeen van julle en ons vertrou dat jul verblyf in ons gemeente geseënd sal wees en dat julle goed sal inskakel. Die beste manier om dit te doen is om betrokke te raak. Vra gerus vir Annelie of Dries by die kerkkantoor waar jul kan inskakel.

Naam	Van	Vorige gemeente	Adres	Wyk	Kontaknr
Jan & Hildegarde	Bothma	Universitas-Wes Bloemfontein	The Villa 9 Cilliersstraat 17	Grewar	066 2169617 071 1324838
Jacques & Cindy	Prinsloo	Vier-Ankers, Sasolburg	Elize Meenthuise 6, Oranjestraat	Venus	082 4502525 084 0996669
Annari	Burger	NG Durban-Wes	The Villa 9 Cilliersstraat 17	Grewar	079 1459442
Dewald & Ina	De Klerk	NG Randfontein-Noord	Lapa Manzi 37 Vaalwal	Koppies kraal	082 9000007 082 9055796
Roelf & Alida	Keulder	NG Parys-Suid	Kruisstraat 72 Parys	Dwars	082 3217514 072 5942400
Pat & Ida	Vd Schyff	NG Westonaria-Oos	Lapa Manzi Plot 2, Vaalwal	Koppies kraal	082 5662170 082 8556064
Elna	De Beer	NG Parys-Suid	Batarie 5 Delverstraat	Hickman	082 6283085
Dawie & Adri	Smit	NG Barkley-Wes	Boomstraat 26	Protea	076 2607615 056 8171019
Con	Coetzee	NG Unitaspark	Delverstraat 48	Hickman	084 4877076

DIE DOOP

Baie geluk aan Michael en Maryke Lombard met die doop van klein Elizmarie op 18 Maart 2018. Elizmarie is op 4 Oktober 2017 gebore. Mag sy groot vreugde, liefde en geluk in jul lewe bring.

ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER

Hartlike gelukwense met die verjaardag! " Luister hierna Job, staan stil en dink na oor die wonderdade van God. Weet jy hoe Hy dit alles voorberei? Dit is die wonderlike werk van Hom wie se kennis volmaak is." Job 37:14-16

APRIL:

02 – Nico Oelofse (82): Was in die hospitaal vir toetse want sy gesondheid is nie te goed nie, maar gaan nog aan.
06 – Annatjie Claassen (86): Gaan goed, soms klein dingetjies van ouderdom wat pla. Loop nog goed maar balans nie altyd so goed nie.
13 – Nellie Schlebush (86): Dit gaan weer beter na verkoue en hoes as gevolg van seisoensverandering.
14 – Kotie Erasmus (93): Word in Najaarsrus versorg.
14 – Marie-Louise de Vries (83): Baie dankbaar vir baie goeie gesondheid. Bly nog in haar meenthuis en is baie bedrywig. Besig om die 1 165ste brief aan haar dogter wat in Maine, VSA woon te skryf!
18 – Heila Botha (85): Rug gee probleme maar verder gaan dit redelik goed.
20 - Etresia Henn (80): Baie dankbaar dat dit goed gaan, geen klagtes nie.
22 – Eleanor Coetzee (81): Kan met groot dankbaarheid sê dat dit goed gaan ten spyte van 'n rug wat pla.
24 – Dinkels Schultz (83): Baie dankbaar dat dit na 'n groot rugoperasie en twee werwels wat gebreek het weer goed gaan.

MEI:

01 – May Uys (83): Het 'n heupvervanging en oogoperasie gehad maar dit gaan goed.
08 – Frikkie Botha (84): Rug gee probleme en hy loop moeilik maar gaan aan. "Ons is baie dankbaar vir almal wat vir ons en ons kinders bid".
10 - Iona Sussens (84): Dit gaan voor die wind. Geen klagtes nie.
10 – Hazel Wentworth (80): Dit gaan baie goed, geen klagtes nie!
12 - Danie Cronjé (85): Dankbaar dat dit goed gaan. "Wat ookal, Here!"
15 – Alet Fourie (81): Gaan goed, gesondheid goed.
15 – Sarie van Niekerk (81): Sy ondervind baie las van rugpyn waaraan daar niks gedoen kan word nie. Baie moeilik om by die kerk te kom en mis dit.
16 – Anna van Brakel (80): Was in hospitaal vir 'n heupvervanging en is nog op krukke, maar gaan aan.
21 – Nanna Wessels (81): Gaan goed, geen klagtes nie.
24 – Gert du Preez (82): Gaan goed, geen klagtes nie!

JUNIE:
02 – Bok Ludwick (82): Gaan baie goed. “Sharp, sharp!”
16 – Thomas Venter (82): Gaan goed, nie klagtes nie.
19 – Gert Marais (85): Was siekerig van verkoue en hoes, maar dit begin weer beter word.
20 – Louis van Rensburg (81): Dit gaan goed. Geen klagtes nie.
21 – Kobus Myburgh (88): Het ‘n bietjie rugpyn maar verder geen klagtes nie.

PAASETE VIR GEMEENSKAP IN PARYS - Baie dankie
Die VVA (Vrystaat Versorging in Aksie) in samewerking met die kerke in Parys hou jaarliks ‘n Paasete vir die minderbevoorregte mense in die gemeenskap. Die verskillende kerke voorsien die kos. Parys-Wes het ook ‘n bydrae gemaak en die volgende brief van dank is van die Hervormde kerk wat die reëlings getref het, ontvang. Dankie aan ons gemeente-dames vir hul bydrae.

MINI-BASAAR – 13 APRIL 2018
Baie dankie aan almal wat op Vrydagaand, 13 April 2018 kom deel het in ons mini-basaar. Baie dankie ook aan almal wat bydraes gemaak en gehelp het om so die sukses van die geleentheid te verseker. Daarsonder sou daar nie ‘n basaar gewees het nie. Dit was weer ‘n heerlike byeenkoms van ons mense en ‘n mooi bedrag van R53 197 is ingesamel – sowat R7 000.00 meer as verlede jaar. Dit was net Genade van BO!!

HERFSEKSPO
Die Herfsekspo was geskeduleer om saam met die mini-basaar op 13 April plaas te vind. Ongelukkig kon ons nie daarmee voortgaan nie aangesien daar nie genoeg belangstelling in stalletjies was nie. Dit kan dalk wees aangesien Parys se kunstefees ook gedurende daardie tyd plaasgevind het.

THABITA DIENSGROEP

Hierdie Diensgroep reageer op behoeftes wat deur die VVA, Lotscha, CTK, Epilepsie SA en ander geidentifiseer word.

Hulle het pas ‘n groot klomp musse,

bedsokkies en handskoene vir Epilepsie SA in Parys voltooi.

Stel jy belang om deel te wees van hierdie projekte? Kontak Ina van Wyk (056 811 4948) of sluit gerus op Dinsdag om 14:00 by die pastorie in Grensstraat 2c, by die brei-en hekelgroepie aan.

ONS ONTVANG BESOEK VAN DR NELUS NIEMANDT

Op Sondag 6 Mei staan dr Nelus Niemandt, op uitnodiging van die Diensgroep Getuienis, op ons kansel. Hy is professor aan die Teologiese Fakulteit van Pretoria en doseer o.a. Gestuurde gemeentes, Teologie van sending en nog ‘n paar ander vakke ook. Gelukkig ken hy ons gewone mense en op ‘n nederige en verstaanbare manier bring hy ‘n boodskap uit Openbaring 22 wat baie duidelik uitspel hoe ons as Christene, ‘n verskil kan maak.

In die eerste vers van Openb 22 staan daar: *“Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit”.*

Behalwe die rivier wat hier by ons dorp verby stroom, is daar ook strome wat deur ons land vloei wat hartseer bring en dreig om ons vrede te versteur. En dit vind ook ongelukkig in die kerk neerslag – ons is nie meer gemeenskappe van vreugde en blydskap nie.

Hoe herstel ons die vreugde in die kerk en die land? Deur te besef dat ‘n rivier ‘n leweskeppende vermoë het. Die Skrif vertel ons daarvan en in Psalm 1 lees ons hoe riviermense lyk. Ook in Openbaring kry ons ‘n beeld daarvan – ‘n rivier met water van die lewe, suiwer, helder soos kristal. Waar kom dit vandaan? Die rivier begin by twee trone, dié van die Vader en dié van die Lam en die water bring genesing en herstel **vir almal.** Openbaring is vir gemeentes geskryf wat regtig bestaan het en daarom ook vir ons vandag. Óns moet die lewegewende water afkomstig van God se troon laat vloei in ons leeftyd, voor ons sterwe, want “there is life before death”!

Hoe doen ons dit? Deur met woord en daad getroue getuies te wees oor die LEWE wat daar by God is. (Openb 10 en 11)

Hoekom doen ons dit? Omdat daar in Open 7:9 van die troonsaal gepraat word: *“Hierna het ek ‘n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het hard uitgeroep: ‘Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit en van die Lam!*’

Almal is bly oor hulle redding want ten spyte van krisisse, is daar ‘n ander stroom, met die water van die LEWE, wat tot almal se beskikking is.

Tydens die diens het dr Niemandt ook die volgende *Klaaglied (Lament)* wat hy geskryf het, gelees:

KLAAGLIED (LAMENT)

Here, hoor ons huil.
Ons huil oor die land oor al die krisisse, die korrupsie, die nepotisme en blatante persoonlike bevoordeling.
Ons huil oor ons rommelstatus in die ekonomiese wêreld.

Ons huil oor ons onvermoë om die armoede, werkloosheid en ongelykheid in ons land aan te spreek.

Ons huil oor die geweld en dat mense doodgemaak word vir R10, ’n selfoon en ’n skootrekenaar.
Ons huil oor elke vrou wat verkrag en kinders wat seksueel gemolesteer en misbruik word.
Ons huil oor mense wat nie besef hoe nodig ons U eintlik het, en nie die waarde van U kruisiging en opstanding besef nie.

Ons huil oor ons onvermoë om as kerk waarlik lig en sout te wees.
Ons huil oor mense wat hoop verloor het, bang, verward en onseker is.
Here hoor ons huil,
ons huil,
ons huil . . .
Amen

En dan:

Troos

Barmhartig en genadig is die Here,
Lankmoedig en vol liefde.
Soos ‘n Vader hom ontferm oor sy kinders,
So ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.(Ps. 103)

Prof Nelus Niemandt
(Samevatting van die preek: Suna Meyer)

PINKSTERDIENSTE 2018

Dit was vanjaar die NG Kerk Parys-Oos se beurt om die Pinksterdienste vanaf 13 tot 18 Mei 2018 te reël en aan te bied. Die prediker by hierdie geleenthede was Dr Henk Gous.

Die dienste is vanaf Sondagaand, 13 Mei tot Donderdagaand, 17 Mei 2018 om 10:00 en 18:00 gehou en die volgende temas is by die dag- en aanddienste herhaal:

- *Gelowiges is gelukkiger as ander*
- *Hoeveel vreugde bring geld?*
- *Meer vreugde vir getroudes*
- *Vreugde selfs as jy oud is*

- *Vreugde as ek werk soos 'n slaaf?*
- *Drink jou vreugdevitamines*

Dr Henk Gouws is ‘n leraar van die NG Kerk, ‘n ervare berader is en ook ‘n bekende outeur. Hy het ‘n paar van die boeke bekendgestel vir verdere studie of gebruik waar daar met mense wat aan een of ander stres blootgestel is, gepraat word. Van die boeke is *“Stres in die werkplek”, “Wat maak jou gelukkig (eBoek), Om die ondraaglike te dra : Vir mense wat die seer van die dood, selfmoord en depressie beleef het. Dr Gouws se jongste boek* is *“Breekpunt” waarin hy verskeie sake wat vir elkeen van belang is, bespreek*

CUM Boeke sê die volgende oor *“Breekpunt*”: *“Stres, stres, stres. Die gonswoord op almal se lippe, want ons elkeen, van kinders tot volwassenes, beleef dit.” Dit hoef jou glad nie moedeloos te maak nie,*



want hierdie potensiële struikelblokke en breekpunte kán noodsaaklike groeipunte en trapklippe na sukses word.

*In **Breekpunt** wys Henk Gous jou hoe om krisisse reg te hanteer en so persoonlik te groei. Hy verdeel die boek in vier afdelings, naamlik persoonlike stres, stres in verhoudings, stres by die werk en stres oor finansies.*

KERKONDERHOUD

Gedurende Desember 2017 het ‘n haelstorm Parys getref. Die kerkgebou is nie ontsien nie en waterlekke het ontstaan. Die mure was vol vlekke en daar was areas wat glad nie goed gelyk het nie.

Die skade is op R43 524.64 geraam en daar is ‘n eis by die versekeraars ingedien. Die assessor het herstelwerk van R34 974.64 goedgekeur. Ramosa Builders van Parys (Gerrie van der Schyff) is aangestel om die herstelwerk te doen. Die dak is herstel, die hele kerk is binne uitgeverf en ‘n paar lelike plekke aan die buitekant is ook reggemaak. Gerrie het ook die herstelwerk wat nie goedgekeur is nie gedoen en vir ons ‘n besparing van R8 550 bewerkstellig. Baie dankie Gerrie! Ons het nou weer ‘n mooi skoon kerkgebou.

Dries

Kommentaar of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan hansieb@lantic.net. Jul is ook welkom om Hansie of Elize Bekker te skakel by 056 811 4754 of 082 820 4306.

TERMIETE (Vervolg)

Daar is in die vorige Posduif oor die aanwesigheid van termiete op die kerkterrein berig. Die kerksaal is deur ‘n termietplaag getref en die plaag het ook na die kerk se kant toe uitgebrei. Kwotasies vir die behandeling daarvan is ingewin en na goedkeuring deur die Kerkraad, het Rentokill die behandeling gedoen en ons behoort vir die volgende 5 jaar nie probleme met termiete te hê nie! *Dries*

KANTOOR

Het julle gesukkel om die kerkkantoor te kry? Daar is nou uiteindelik ‘n duidelike aanduiding waar die kerkkantoor is nadat ‘n “Kerkkantoor” -bordjie aangebring is. *Dries*

JEUG

Die Cokeblikkie-projek vir die jeug het gedurende die eerste kwartaal plaasgevind en ‘n bedrag van R3 750 is ingesamel. Ongeveer die helfte van die blikkies het weer teruggekom. Baie dankie aan almal wat bygedra het! Wilma se Maandae was lekker besig met die tel van die munstukke! Haar vingers was ook lekker vuil en taai!

Die jeug het verder nog inisiatief aan die dag gelê en by twee geleenthede nagereg verkoop. Die eerste keer het hulle 50 bakkies gehad en hulle stoutste verwagting is oortref toe die bakkies binne ‘n japtrap uitverkoop is. Die tweede keer het hulle 110 bakkies gemaak en ook die is vinnig uitverkoop! Hulle het R1 560 ingesamel. Ons wag vir die volgende rondte – dalk kry oom Dolf die keer ‘n bakkie nagereg! *Dries*

DANKIE

Ons sien die volgende van week tot week op die afkondigings, ons gaan na die erediens saal toe, ons kuier lekker om ‘n koppie koffie of tee en ‘n eet dingetjie wat deur ons gawe dames voorsien word.

Kom geniet asseblief ‘n **koffie of tee en koek saam met ons na die erediens!**

ALMAL IS WELKOM!!

Die koffie word geborg deur “Crater coffees” - Verkope – 083 3040825

Baie dankie aan Fanie en Tertia vir die lekker koffie. Dit is beslis lekkerder as Ricoffy en ons geniet dit. Dankie aan ons dames wat sorg dat daar iets te ete is en ook dankie aan almal wat ‘n donasie maak.

Almal is welkom om na die diens te gaan koffie drink. As jy voel dat jy ook ‘n koek-bydrae wil maak, skakel gerus met Ina van Wyk of die kerkkantoor.